UITGEWERKTE VOORBEELD VAN 'N

JAAREIND GRAAD 12 REKENINGKUNDE EKSAMENVRAESTEL

VOORBEREI DEUR NEW ERA REKENINGKUNDE

VRAESTEL 1

Saamgestel deur: D Woodroffe, P Singh, A Ash & MH Aboobaker

Vraag	Onderwerp	Punte	Minute
1	Inkomstestaat, Balansstaat & Notas	60 punte	45 minute
2	Kontantvloeistaat & finansiële aanwysers	40 punte	30 minute
3	Vertolking van finansiële inligting	50 punte	45 minute
	TOTAAL:	**150 punte**	**120 minute**

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

New Era Kantoor: 031-2632201 E-pos: newgen@netactive.co.za

New Era Opleiding & Studiegidse: 083-9600015 van dwoodroffe@telkomsa.net
Webwerf: www.newerapublishers.co.za

New Era Rekeningkunde Studiegidse vir Graad 10, 11 & 12
Om te bestel gaan aanlyn na:
www.newerapublishers.co.za/product-category/accounting/

VRAAG 1: MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE (60 punte; 45 minute)

Die inligting hou verband met **XOLA Beperk** vir die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2020. Die onderneming verkoop klere.

GEVRA:

1.1 Bereken die ontbrekende bedrae om die Staat van Komprehensiewe Inkomste vir die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2020 te voltooi. (26)

1.2 Berei die volgende notas tot die Balansstaat (Staat van Finansiële Posisie) op 29 Februarie 2020 voor.

- Gewone aandelekapitaal (7)
- Behoue inkomste (8)

1.3 Berei die EKWITEIT EN LASTE-AFDELING van die Balansstaat voor. Toon alle bewerkings. (19)

INLIGTING:

Uittreksel van bedrae uit die boeke vir die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2020:

Totale bedryfsbates	R 1 710 360
Lening: Sage Bank	**?**
Gewone aandelekapitaal (1 Maart 2019)	8 550 000
Behoue inkomste (1 Maart 2019)	99 300
Voertuie (teen kosprys)	1 172 000
Opgehoopte waardevermindering op voertuie (1 Maart 2019)	410 000
Handelsvoorraad van Manshemde	186 000
Krediteurekontrole	281 000
Huurinkomste	343 400
Direkteursfooie	1 400 000
Ouditfooie	250 000
Diverse uitgawes	**?**

Aansuiwerings en addisionele inligting vir 2020:

A. Waardevermindering:

Maak voorsiening vir waardevermindering op voertuie teen 25% op die verminderdesaldo-metode. Let daarop dat 'n nuwe voertuig teen R120 000 op 30 November 2019 aangekoop en geboekstaaf is.

B. Handelsvoorraad van Manshemde:

Een van die voorraaditems is 'n reeks Polo Manshemde. 'n Voorraadopname op 29 Februarie 2020 bring aan die lig dat net 280 eenhede voorhande is. Geen aansuiwering is gemaak nie. Hierdie hemde word met die geweegdegemiddelde-metode waardeer.

	Eenhede	**Kosprys**	**Totale kosprys**
Beginvoorraad	200	R400	R80 000
Aangekoop in April 2019	600	R450	R270 000
Aangekoop op Julie 2010	400	R520	R208 000

Inligting vervolg op die volgende bladsy

C. Debiteur en Krediteur:

'n Debiteur versoek dat die saldo van R4 000 op sy Debiteursgrootboekrekening teen die bedrag van R11 000 wat deur die onderneming aan hom verskuldig is, afgeskryf moet word. Suiwer dienooreenkomstig aan.

D. Huur van huurder:

Die enigste item van ander inkomste is huur wat deur 'n huurder betaal word. Die totaal ontvang gedurende die jaar sluit huur wat vir Maart en April 2020 vooruit ontvang is in. 'n Verhoging van R2 500 per maand is vanaf 1 September 2019 toegepas.

E. Lening van Sage Bank:

- Rente is gekapitaliseer.
- Die leningstaat toon 'n beginsaldo van R1 800 000 aan die begin en R1 638 000 aan die einde van die finansiële jaar.
- Maandelikse terugbetalings wat die leningsterugbetaling en rente dek, beloop R30 000 per maand.
- Die kapitaallening terugbetaling sal in 2020 onveranderd bly.

F. Inkomstebelasting:

- Inkomstebelasting word bereken teen 30% van die netto wins voor belasting.
- Voorlopige belastingbetalings vir die jaar beloop R340 000.

G. Die volgende finansiële aanwysers is op 29 Februarie 2020 bereken:

% bruto wins op koste van verkope bereik	70%
% bedryfswins op verkope	15%
Bedryfsverhouding	1,8 : 1

H. Aandelekapitaal en dividende:

- Die gemagtigde aandelekapitaal is 2 000 000 gewone aandele.
- Op 1 Maart 2019 is 45% van die gemagtigde aandele reeds uitgereik.
- Op 1 Mei 2019 het direkteure 120 000 gewone aandele vir R1 236 000 teruggekoop. Hierdie aandeelhouers het nie vir interim/tussentydse dividende gekwalifiseer nie.
- Op 31 Augustus 2019 is interim/tussentydse dividende van R132 600 betaal.
- Op 1 Oktober 2019 is 'n verdere 250 000 aandele teen R10,25 per aandeel uitgereik.
- Op 28 Februarie 2020 is 'n finale dividend van 28 sent per aandeel verklaar. Slegs aandeelhouers op die aandeelregister kwalifiseer vir finale dividende.

60

VRAAG 2: OUDITBEGRIPPE, KONTANTVLOEISTAAT & FINANSIËLE AANWYSERS (40 punte; 30 minute)

2.1 Pas die term/begrip in kolom A by die beskrywing wat in kolom B voorsien is. Skryf slegs die letter (A - C) langs die nommer (2.1.1 – 2.1.3) in die ANTWOORDBOEK.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1.1	Weerhouding van ouditeursverslag	A.	Die onafhanklike ouditeur is nie tevrede met 'n klein aspek van die finansiële state nie.
2.1.2	Ongekwalifiseer ouditeursverslag	B.	Die onafhanklike ouditeur is nie tevrede met groot aspekte van die finansiële state nie.
2.1.3	Kwalifiseer ouditeursverslag	C.	Die onafhanklike ouditeur is tevrede met alle aspekte van die finansiële state

(3)

2.2 **THYME BPK.**

Die finansiële jaar geëindig op 29 Februarie 2020.

GEVRA:

2.2.1 Bereken die volgende bedrae vir die 2020 Kontantvloeistaat:

- Verandering in beleggings (toon aan of dit 'n invloei of uitvloei van kontant is) (3)
- Inkomstebelasting betaal (4)
- Opbrengs uit die verkope van baste bates (5)

2.2.2 Bereken:

- Totale dividende vir die 2020 finansiële jaar (4)
- Bank oortrekking op 29 Februarie 2020 (4)

2.2.3 Bereken finansiële aanwysers vir die 2020 finansiële jaar:

- % Bedryfsuitgawes op verkope (3)
- Skuld-ekwiteitverhouding (3)
- % Opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend (OOKA) (6)
- Interim/tussentydse, finale en totale dividende per aandeel (verwys na Inligting B & D) (5)

Inligting is op die volgende bladsy

INLIGTING:

A. Uittreksel uit die Inkomstestaat op 29 Februarie 2020:

Verkope	R 6 450 000
Bruto wins	2 640 000
Bedryfsuitgawes	1 280 000
Waardevermindering	430 000
Bedryfswins	1 584 000
Rente uitgawe (Rente op lening)	406 000
Netto wins voor belasting	1 178 000
Inkomstebelasting	353 400
Netto wins na belasting	824 600

B. Uittreksel uit Balansstaat:

	29 Februarie 2020	**28 Februarie 2019**
Baste bates (drawaarde)	R 11 840 000	R11 027 000
Beleggings	100 000	500 000
Kontant en kontantekwivalente	2 000	95 000
Bank oortrekking	**?**	0
Gewone aandeelhouersekwiteit	8 800 000	7 144 000
Lening: Mint Bank	3 300 000	4 100 000
SAID: Inkomstebelasting	12 800 **Kt.**	6 700 **Kt.**
Aandeelhouers vir dividende	126 000	450 000

C. Uittreksel uit die Kontantvloeistaat op 29 Februarie 2020:

Dividende betaal	R 705 000
Baste bates aangekoop	1 331 000
Opbrengs uit aandele uitgereik	1 650 000
Netto afname in kontant en kontantekwivalente	149 000

D. Interim/tussentydse & finale dividende vir 2020:

- Interim/tussentydse dividende: 850 000 aandele kwalifiseer vir interim/tussentydse dividende.
- Finale dividende: 1 050 000 aandele kwalifiseer vir finale dividende.

40

VRAAG 3 VERTOLKING VAN FINANSIËLE INLIGTING (50 punte; 40 minute)

Mabel Mashele besit aandele in Rock Beperk en Stone Beperk. Albei maatskappye is in dieselfde industrie. Sy vra jou raad.

LW: Wanneer die vrae hieronder beantwoord word, vergelyk die gegewe inligting en haal die relevante finansiële aanwysers van beide maatskappye (persentasies, verhoudings en/of bedrae) aan.

GEVRA:

3.1 **Solvensie en likiditeit**:

- Verduidelik twee maniere waarop jy die solvensie van enige maatskappy sal beoordeel. (2)
- Vergelyk die Bedryfs- en Vuurproefverhouding van die twee maatskappye en verduidelik watter maatskappy die beste verhoudings het. (6)
- Verduidelik een moontlike probleem wat elke maatskappy met betrekking tot hul beheer oor die bedryfskapitaal items ondervind. (4)

3.2 **Markprys van aandele**:

- Lewer kommentaar op die waarde van die aandele van die twee maatskappye op die Johannesburg Sekuriteitebeurs (JSB) vir 2020.
- Jy is bekommerd oor die prys waarteen die nuwe aandele deur Rock Bpk. uitgereik is. Verduidelik waarom jy bekommerd moet wees en gee bewyse vir jou antwoord. (5)
  Verduidelik ook watter stappe die direkteure behoort te neem. (6)

3.3 **Hefboom en risiko**:

Lewer kommentaar op die graad van risiko en hefboom in elke maatskappy. Haal twee finansiële aanwysers aan. (8)

3.4 **Verdienste en opbrengste**:

- Verduidelik of Mabel tevrede/ontevrede moet wees met die neiging in die % Opbrengs op ekwiteit (OOAB) vir elke maatskappy. (4)
- Vergelyk die Verdienste per aandeel (VPA) van elke maatskappy en voorsien bewyse aan Mabel om aan te dui watter maatskappy die beste VPA het. (7)

3.5 **Dividende**:

Lewer kommentaar op die dividend uitbetalingsbeleid van die twee maatskappye vir 2020 en verduidelik watter maatskappy die beste beleid het en waarom die maatskappy daardie beleid aanvaar het. (4)

3.6 **Mabel se aandeelhouding**:

Mabel is bereid om addisionele aandele op die JSB te koop teen die huidige markprys sodat sy die meerheidsaandeelhouer in Stone Bpk. kan word. Bereken die bedrag wat sy op die koop van aandele moet spandeer om haar die meerderheidsaandeelhouer te maak. (4)

Inligting is op die volgende bladsy

`**INLIGTING:**

A.

GEWONE AANDELEKAPITAAL VIR JAAREIND 29 FEBRUARIE 2020	**ROCK BPK.**		**STONE BPK.**	
	Getal aandele	**R**	**Getal aandele**	**R**
Nuwe aandele uitgereik gedurende die finansiële jaar	90 000	R990 000	120 000	R720 000
Terugkoop gedurende die finansiële jaar	(60 000)	(R780 000)	0	0
Totale aandele reeds uitgereik aan die einde van die finansiële jaar	330 000	R4 290 000	420 000	R2 499 000
Gemiddelde uitgereikte prys per aandeel aan die einde van die finansiële jaar	R13,00		R5,95	

B.

MABEL MASHELE AANDEELHOUDING	**ROCK BPK.**	**STONE BPK.**
Getal aandele tans deur haar besit	140 000 aandele	162 000 aandele
Haar oorspronklike aankoopprys per aandeel	R12,00	R4,00

C.

ANDER INLIGTING	**ROCK BPK.**	**STONE BPK.**
Huidige markprys van aandele op JSB	R23,00	R11,40
Rentekoers op lenings	14,0%	
Opbrengs op alternatiewe beleggings	7,5%	

D.

FINANSIËLE AANWYSERS	**ROCK BPK.**		**STONE BPK.**	
	2020	**2019**	**2020**	**2019**
Bedryfsverhouding	1,4 **:** 1		3,0 **:** 1	
Vuurproefverhouding	0,7 **:** 1		2,2 **:** 1	
Tydperk van voorraad voorhande	20 dae		60 dae	
Gemiddelde debiteure-invorderings-termyn	25 dae		48 dae	
Gemiddelde krediteurebetalings-termyn	30 dae		30 dae	
Skuld-ekwiteitverhouding	0,1 : 1	0,3 : 1	0,5 : 1	0,5 : 1
Opbrengs op totale kapitaal aangewend (OOKA)	13,2%	11,2%	21,0%	22,3%
Opbrengs op aandeelhouersekwiteit (OOAB)	11,1%	10,6%	23,9%	24,1%
Verdienste per aandeel (VPA)	222 sent	210 sent	207 sent	190 sent
Dividende uitbetalingskoers	117,1%	70%	60,0%	60%
Netto batewaarde per aandeel (NBA)	R18,90	R18,10	R8,60	R7,80

50

TOTALE PUNTE: 150

Kopiereg voorbehou